# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

EERSTE KWARTAAL 1989

# Affies word 69

**Op 28 Januarie het Affies die laaste van sy sestigerjare betree. Dit is verbasend om te dink dat 'n skool sò lank op die kruin van die golf kan bly. Dié geleentheid is egter die Vrydag al by die skool gevier.**


Die oggendopening was saam met 'n paar oud-leerlinge van die jare twintig. Die klomp oues het van hulle manewales vertel en dit was duidelik dat baie van Affies se "tradisie" reeds uit daardie jare dateer. Die stigting van Krugerdag is onder andere van die Affies te danke. Dít is een van die tradisies wat streng deur die Affies nagevolg word en hierdie jaar was geen uitsondering nie.


Nadat daar saam met die meisies gekuier is, waar blomme en koeldranke uitgeruil is, het die Affies besluit om 'n uitstappie na Magnoliadal te onderneem. Dit was 'n baie geslaagde "operasie" maar het tekens van mislukking begin toon toe die onderwysers nie opdaag nie. Die seuns was baie teleurgesteld in die onderwysers se "swak gedrag."

Daar moes spoedig na nuwe vermaak gesoek word en daar is besluit om by die meisies te gaan lyf (en klere) natmaak. Dié operasie was ook geslaagd. Daarna is oorbeweeg na die seuns se eie swembad, net vir vergelykingsdoeleindes.

Uiteindelik het die onderwysers tog besluit om sake te normaliseer. Baie nat maar gelukkig het die seuns teruggekeer klas toe.

**— Jacobus Claasen**






# Affies verras!


**Die Afrikaanse Hoër Seunskool het met die afgelope Interhoër vir 'n groot verrassing gesorg. Dié tradisieryke skool het nou wel nie die atletiek gewen nie, maar was die naaswenners. Die skitterende dirigente word as die wenners bekroon en verower dan ook die derde plek in die Geesbekerkompetisie.**

Die "Ipitombi boys" in rooi geklee met AFFIES agterop hul oorpakke uitgebeeld, is vroeg die oggend saam met die skool na Pilditch om die gees aan te help. Net na nege het hulle die myndans vir die skare gedans en PJ Cilliers, Eugene Botha, George henning, Adrian Hartman, Dirk Jonker en Ian Fairbanks het 'n voortreflike vertoning gelewer. Die hoogtepunt, die aankoms van die dirigente, het dié groep puik ingelei.


Met die aankoms van die dirigente, was die Affies die ene vuur en vlam. Hoewel talle doemprofete gedink het die Affies gaan nie lank hou nie, het hul met die nuwe Afrikaanse treffers wat die lig gesien het, gewys waarom hul Affies is!


Buiten die mooi versierde pawiljoen, die aanskoulike aankoms en veelkleurige jokkieklere, het Louis Herman, Riaan Swanepoel, Pierre Ribbens, Jaco Goosen, Rikus Gouws en Johan van der Walt gewys hóé moet 'n dirigent sy slag wys. Aan oorspronklike bewegings en liedjiekeuses was daar geen einde nie en dit is waarom hulle aangewys is as die beste seunsdirigente. Nóg 'n eer vir Affies in sy nege en sestig jarige bestaan.

**— Louis Herman**









# Dis derde! Dis puik!

Die meisies was lanklaas sò goed! Verby is die dae waar hulle eerste of tweede van agter af was. 'n Nuwe era het aangebreek. Hulle is nou tweede of derde van voor!

Aan die einde van 'n opwindende interhoër en met slegs 26 punte agter Menlopark, beteken dit... met 'n bietjie ekstra werk, kan die Affie-meisies tweede kom.

Die meisies se puntetelling was as volg: Waterkloof — 226, Menlopark — 183; A.H.M. — 157; C.R. Swart — 146; F.H. Odendaal — 140; Wonderboom — 112.

Die volgende leerlinge het eerste plekke behaal: Marelie Basson — 800 m en 1 500 m; Juanita du Plooy — GS en SW; Christine van Wijk — 100H, 300H en 400 m. Die o/14 aflosspan.

**— Christine van Wijk**
**Atletiekkapteine**










## N-Tvl-kleurverwerwers

**Sagtebal:**
Krappie Myburgh o/23 en Pieter Reichert o/19 en o/23.
**Krieket:** PASKV o/15-span
Stephan Shires, vir tweede keer gekies; Philip Roesch vir derde keer gekies en vir tweede jaar agtereenvolgens die kaptein.
**Fietsry:**
Martin Schwartfeger.
**Swem:**
Henry Miles, Leon van Heerden, Johan Bekker, Erich van der Linde.
**N-Tvl Atletiek:**
Jac Ferreira (800 m), John du Plessis (800 m en 1500 m), Jean-Paul van As (Paalspring).

Neem aan Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe deel op Bloemfontein gedurende die vakansie.

# Springbokkleure wink



Linda Bester, 'n leerling in st.9, is besig om vinnig naam te maak as 'n uitstekende perderuiter. Op 11 Februarie 1989 was die eerste uitdunrondte vir Springbokkleure. Linda het daar gekwalifiseer vir die finale proewe wat op 8 Maart plaasvind. Daar word Springbokkleure toegeken. Linda verkies Amerikaanse Saalperde.

Bo en behalwe perdry lewer Linda ook 'n goeie bydrae by hoogspring.

Affies wens Linda geluk met haar prestasie en hoop dat dit net die begin is van haar perdryprestasies.

# Valentyn

**Valentynsdag het in Rome ontstaan toe 'n liefdesfees vir jongmense gehou is. Elkeen het sy maat vir die dag gekies deur 'n naam uit 'n groot hoed te trek. Die naam-trekking het heel dikwels op 'n huwelik uitgeloop.**



*Mej. Valentyn Finaliste*

In Kanada word kaartjies op groot skaal uitgedeel en niemand word uitgelaat nie, terwyl vrugte die Britte se gewildste Valentynsgeskenke is. Die Italianers weer, glo dat die eerste jong man of -meisie wat jy die oggend van Valentynsdag sien, jou toekomstige bruid of bruidegom is. (Party sal seker met toeoë tot by die skool loop!) In uiterste gevalle is daar vir die gelukkige meisie van 'n ryk jongman 'n bal gehou.

Só word Valentynsdag dwarsoor die wêreld deur oud en jonk gevier, op die 14de Februarie. Maar hier in Affies, wyk Valentynsdag heeltemal af van die tradisionele. Om mee te begin word Valentynsdag in plaas van op die tradisionele 14de, op die nuwe, moderne Vrydag die 17de gehou. (As gevolg van 'n ou klein reënbuitjie — so al asof liefde met reënweer verdwyn!) En so slaan die susterskool toe op die broederskool. Na 'n heerlike oggend as gemengde skool was dit duidelik dat liefde nie van weersomstandighede afhanklik is nie. Al reën, sneeu, braai of bak dit, die liefde blom!

Daar is ook 'n pragtige mej. Valentyn aangewys. Leani Shaffner en haar twee prinsesse Maryke Kleynwegt en Hannetjie de Lange, het beslis in hulle lewens al 'n hele paar koppe laat draai. Leani het 'n Popswatch, 'n modelkursus, en 'n ete vir twee ter waarde van R50 gewen. Maryke en Hannetjie het elk 'n ete, 'n naelversorging van Dreamnails ter waarde van R85 elk en 'n bottel parfuum gewen.

Die beoordelaars was top modelle van "The Modelworkshop" waaronder Jan Malan, Mnr Sunnypark en nog vele ander ingesluit is.

Valentynsdag, die 17de Februarie 1989, was voorwaar 'n hoogtepunt en sal nog lank onthou word.

**—Rachel Kruger**

# Veldskool Graskop!

**Op Donderdag 26 Januarie vertrek die standerd-8 dogters van A H M P op hul uittog na Graskop Veldskool! Om 4-uur die middag arriveer 74 moeë en skrikkerige meisies by hul bestemming.**



Die volgende sewe dae was propvol aktiwiteite soos skuilings bou (die sukses daarvan sal egter nie vermeld word nie!), 'n modderige (maar heerlike) hindernisbaan, vasvra, besoek aan water valle, kano-vaart (alhoewel sommige kano's meer stilgestaan as gevaar het) en stap, stap en nogmaals stap. Aan opwinding was daar dus nie 'n tekort nie! Maar tog stem almal saam, die hoogtepunt van elke dag was etenstyd!

Alhoewel ons elke oomblik ten volle geniet het, was daar meer as een tranerige meisie toe die tyding op Vrydag, die 3de Februarie (die dag waarop ons sou vertrek) kom dat die busse, soos waf ferse speenvarkies, in die modder vasgeval het.

Eind goed, alles goed en om halfsewe daardie aand, kom ons, aansienlik vuiler as toe ons vertrek het, by die huis aan.

Ongetwyfeld 'n week wat ons st-8's nie sommer sal vergeet nie!

**— Denise van Rensburg, 8B**

# Magnolia


**Affies se tradisie en gees kan dikwels met een woord omskryf word — Magnoliadal.**

Magnoliadal het sinoniem geword met die klimaks van Affies se gees met of Boys High of Interhoër of net droogmaak.


Hoekom Magnolia? Hoekom nie net 'n paar liedjies en 'n bietjie handeklap nie? Magnolia is iets besonders aan Affies — wat geen ander skool doen nie. Dit is 'n uitdaag van gesag, nie negatief om gesag af te breek nie, maar om die Affies saam te snoer tot 'n eenheid. Daarom speel die onderwysers so 'n belangrike rol, — hulle moet woedend voorkom en optree teen die uitdaging van gesag wat dan ook die eenheid tussen die seuns versterk.

Mnr. Edwards speel ook spesifiek 'n belangrike rol. Dis hý wat deur sy vertellings, die Affies op subtiele manier tot aksie laat oorgaan. Gelukkig word almal gestraf en dit verseker egter weer Affies se eenheid en gees bou.

Magnolia is deel van Affies en dit sal 'n jammerlike gebeurtenis wees as dit uit Affies verdwyn. Maar waar is die straf.?



*Magnolia..:? Magnolia!*



*Waar's die onderwysers?*



*Moenie op die blomme trap nie.*



*Sjoe! Dit was 'n harde dag.*

## SOKKIE

**Donderdag, 19 Januarie ... sewe-uur namiddag ... Affies daag in groot getalle by die saal op ... Groot pret volg ...**

Alhoewel 'n aand deur Affies vir Affies, het daar oudergewoonte 'n paar "ambassadeurs" van ander skole ook daar "uitgeval" óf is dit nou "ingeval"?


Die saal was stampvol! Honderde lywe het op Voltage 2000 se musiek geruk en gepluk, gehik, gesidder en gebibber ...

Daar was definitief geen voëls van eenderse vere nie ... elke voël 'n ander veer, elke veer 'n ander kleur. Die tooisels het gewissel van wit of swart tot oëverblindende neonkleure.


So 'n aand kan egter nie afloop sonder die tradisionele onderonsies nie en veral omdat sommige "ambassadeurs" hulle weer baie-baie swak gedra het. Party het sonder 'n blou-oog opgedaag en is met 'n blouoog huis toe.

Affies staan nou maar eenmaal bymekaar ...

**— Herman Stander**



# ACSV-KAMP



*Aandagtig word ds. Paul aangehoor.*

*Foto: Willem Immelman*

**MAGALIESBURG HIER KOM ONS!**
**Al ooit gedink dat jou swemlesse van kleuterdae nogal sal help op 'n ACSV kamp, omtrent 15 jaar later? Glo dit of jy wil of nie, swemlesse was 'n voorvereiste vir die kamp.**

Reeds met ons vertrek op Vrydag, 10 Februarie het dit gereën, die Sondag met ons terugkeer het dit nog steeds gereën!

Die kamp was 'n wonderlike belewenis. Ds Paul Prinsloo, aan wie ons baie geheg geraak het op die vorige kamp, het as kampleier opgetree.

Die Bybelstudies was werklik verrykend en die sang ongelooflik. Dis wonderlik om die Here te kan loof! Ons het veral uit Hebreërs en Psalms gewerk, en gekyk na die Heiligheid van God en na volharding.

Die lekkerste was sekerlik om die teenwoordigheid van God in die gietende reën te kan ervaar, en werklike Christenvriende te maak.

Sondagmiddag, 12 Februarie om 16h00 land ons in 'n sopnat Pretoria by die skool aan, en in elkeen se hart is daar 'n lied: "Die Here leef en ek is Sy kind"

Dank aan mnr Piet van Rensburg en ál die ander onderwysers. Nou is dit vorentoe, laat ons Sy naam verheerlik!

# "Christen-wees" is "anders wees"


**"Die dinge van die wêreld is aan die verbygaan"**
**Dit is wonderlik om in 'n stelsel te kan skoolgaan wat bekend staan as "Christelike Hoër Onderwys". Die voordele daarvan is onskatbaar, maar net so ook die kontraste. Hoe wonderlik sou dit nie wees om reeds hier op aarde, in die mikrokosmos van ons skool, die Ewige Lewe uit te leef en saam met Hom te regeer soos Hy ons belowe het nie?**

Wat weerhou ons daarvan? Ons is tog Christene, dié van ons wat is, nie omdat dit tradisie is, of omdat dit 'n "goeie gewoonte" is nie, maar omdat ons reeds die voorreg gehad het om God se alomteenwoordige liefde raak te sien, en ons wil dit vir die res van die "blindes" uitbasuin.

Kan ons dan ook soos Paulus in Romeine 15:17 sê: "In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God verrig". Ons Christenskap is nie 'n stokperdjie nie, maar 'n emosie, en veral 'n lewenswyse. So kom ons trek dan die wapenrusting van God aan, en voer Sy opdrag uit omdat ons Hom liefhet.

Ter afsluiting iets om te herkou; in 1 Kor. 8:31 staan daar dat ons in met die wêreldse mense moet saamleef, maar asof ons daar niks aan het nie. Hoe wonderlik om te weet dat dit vir enige mense onmoontlik is om dit reg te kry. Maar met Sy hulp en leiding sal ons dade uit liefde vir ons 'n seën wees, en bowenal aan Hom soveel eer gee en niks is onmoontlik nie. Kom ons vertel die wêreld van Sy liefde!

**— Donald Klopper**



*Adverteer jou Christen-wees*

*Foto: Willem Immelman*

# *Tot siens Mnr Van Rensburg*

**Affies neem vanjaar afskeid van mnr Pieter van Rensburg, 'n besondere onderwyser. Mnr Van Rensburg het vanaf die begin 1987 Bybelonderrig aangebied. Elke Affie wat by hom klas gehad het, sal weet dit is 'n belewenis. Die manier waarop hy die Bybel en die liefde van Jesus aan ons oorgedra het, sal altyd onthou word.**

Elke matriekleerling gaan berou oor die besluit van mnr Van Rensburg. Mev Le Roux sal nie meer toebroodjies (met "jam") hê om te eet nie, want mnr Van Rensburg sal nie meer broodjies kan bring nie. 'n Spesiale woord van dank word aan mnr Van Rensburg gerig vir die "snacks" wat hy aan mev Le Roux voorsien het.

Só het mnr Van Rensburg talle vaal dae opgeflikker. Elke leerling sal hom onthou as 'n vrolike mens met 'n positiewe lewensuitkyk wat ook 'n groot bydrae aan die CSV gelewer het. Die toneelliefhebbers gaan hom mis!


Meneer, Affies groet u! Laat daar Lig wees! En laat u lig altyd só bly skyn!

# Swot-swot skool

**Die ware betekenis: Affies as akademiese skool, kom al hoe meer tot sy reg, op grond daarvan dat talle onderwysers harder swot as hul leerlinge. Die meeste van die jonger garde is aan't swot maar ander "meer verouderdes" is besig om vele in die stof te laat byt.**

Neem byvoorbeeld ons eie oud-Springbok agterspeler, gesogte geskiedenisonderwyser, senior-adjunkhoof mnr óf is dit nóú dr Pierre Edwards, wat 'n onverbeterlike voorbeeld gestel het.

'n Vol program het nog nooit beteken dat 'n mens se prestasie of "werksverrigting" moet afneem nie, inteendeel. dr Edwards behaal sy BA-graad, BA (Honns.), B. Ed, HOD, MA (Gesk.) en werk vanaf 1984-1988 aan sy doktorsgraad in Geskiedenis (ten spyte van sy vol program en sy afrigting van eerste rugby- en krieketspanne). Die onderwerp van die doktorstesis is: "Die ZAR en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899.




# Woorde van gelukwense aan ...


Mejj. Owen en Booysen... die GROOT besluit! (verlowing — vir dié wat nog nie so mooi weet van GROOT besluite nie!)

Mevv. Van der Hoven en Immelman... met die aankomende nuwelinge vir die familie.

En Mev Winter en mej Van der Merwe... met die voltooiing van hul éérste padwedloop!

Mev Van Staden... Nou amptelik departementshoof Engels.

# '59 en '89 — Twee uit een gesin



*Jan-Lodewyk Pretorius, hoofseun 1989, 30 jaar na sy pa, Jan-Lodewikus, die hoofseun van 1959 — uitmuntende prestasie.*

*(Foto: L. Beukes)*

# Word 'n skool aan sy matriekgroep gemeet?

**Moet 'n skool aan sy matriekgroep gemeet word?**

**Hoekom word die goedheid of swakheid hoofsaaklik op die matriekgroepe van die betrokke jaar van toepassing gemaak? Ek wonder dikwels of dit nie onregverdig is teenoor die res van 'n skool se leerlinge nie?**

Ongelukkig is dit egter so dat alle sport- en kultuurprestasies deur 'n jaar, en ook hierdie jaar behaal tot niks verklaar en op die agtergrond geskuif word, as dit by die eindeksamen kom. Die res van die skool word dus vergeet en die betrokke matriekgroep moet dus die skool se naam deur dié eksamen verder die toekoms indra met hul akademiese uitslae.

Vir die mens buite die skool se grense, slaan 'n skitterende sportprestasie slegs 'n tydjie vas terwyl uitstekende uitslae 'n baie groter indruk skep, juis omdat die hele matriekgroep betrokke was by die algehele prestasies.

Die res van die skool moet egter nie negatief ingestel wees nie en 'n gees van samewerking moet reeds onder die groep as geheel in die junior jare opgebou word. Samewerking van 'n matriekgroep die betrokke jaar, is seker die sleutel tot sukses op alle tereine maar veral op die akademiese gebied. 'n Goeie gees bevorder jou en jou houding teenoor jou skool en die beeld van buite, word ook altyd beter.

Die skool moet myns insiens nie sleg aan matriekprestasies aan die einde van die jaar gemeet word nie, maar alle standerds moet betrek word om 'n hele algehele goeie beeld te skop.

Veral die Affies van 1989 moet in alle ouderdomme en terreine van die skool daarna streef om as groep die beste te wees!

**— James Cross**

# Redaksie

**Redakteur** Louis Herman
**Sub-redakteur** — Anton Beukes
**Redaktrise** — Anneri Bezuidenhout
**Sub-redaktrise** — Marthali Brand

**Kultuur** — James Cross, Gerald Garner, Jakobus Claasen, Anton van Reenen, Benda Hofmeyr, Kato Odendaal, Mindie Rischmüller, Frances Burger


**Sport** — Chris Steyn, André Brand, Herman Stander, Zelda Pretorius, Rachel Kruger

**Algemeen** — Ulrich Kotzenberg, Johan O'Kelly, Phillip Blom, Francios Naudé, Donald Klopper, Phillippa Barnard, Anna-Lynne Marais, Caren Visagie, Nicola Joubert, Lianna Loubser

**Foto's** — Louis Beukes, Henry Miles, Gustav van Rensburg, Susan Kruger, Liezel Pieters

**Humor** — Louis Koen, Dorette Boshoff

# Oud-Affie van die kwartaal



**Dit was 'n ervaring om met Brümilda van Rensburg, oud-Affie van die kwartaal, te kon gesels. Sy is spontaan en gretig om meer te vertel. Afgesien van die feit dat haar optrede in "Kalkoen se kind" oor tien minute sou begin, het sy met oorgawe vertel van haar dae in Affies.**

Brümilda van Rensburg is op 30 Oktober 1956 in Bloemfontein gebore. Sy word groot in Pretoria en matrikuleer in 1974 aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Sy verwerf haar BA Honeursgraad in Drama by die Universiteit van Pretoria met lof en ontvang verskeie toekennings o.a. die Ludwig Binge toekenning vir drama. Na universiteit werk sy vir drie jaar saam met Kruik voor sy haar in Johannesburg kom vestig het.

Brümilda het reeds in vier-en-twintig toneelstukke, een-en-twintig TV reekse en agt films gespeel. As 'n veelsydige mens, vertolk sy verskille rolle - 'n eenvoudige boerevrou in "Wêreld sonder grense" of die bitsige Adele in die gewilde TV reeks "Wolwedans in die skemer". Stukkie waarin sy reeds opgetree het, is "Siener innie Suburbs", "Streetcar named Desire", "Die Koggelaar" en "Antigone". TV-reekse waarin sy rolle vertolk het, is Vyfster, Koöperasiestories, Skoppensboer en Moordspeletjies. "Wêreld sonder Grense" onder die regie van Frans Nel en "Boetie op Manoewers" met Regardt van den Berg as regiseur is slegs twee van die films waarin Brümilda van Rensburg gespeel het. 'n Paar van haar gunstelingrolle is Getrude in "Hamlet", Sonja in "Vanya" en die rol van Marie in "Exit the King" waarvoor sy 'n Vitatoekenning ontvang het. As aktrise is Brümilda 'n veelsydige karakter wat verskillende rolle kan vertolk hetsy voor 'n gehoor of 'n kamera.

Reeds in haar hoërskooljare het haar talent na vore gekom, en as leerling van die Afrikaanse Hoër Meisieskool is sy die eerste om erekleure vir toneelspel te verkry.

Oor haar Affie-lewe het sy interessante staaltjies te vertel. As ons haar vra wat onthou sy van Affies — antwoord sy: "Baie meisies". Dit het haar egter nie gepla om sonder die seuns skool te gaan nie. Dit was nie vir haar van die grootste belang nie. Sy was 'n veelsydige Affie met vakke soos Frans, Duits, Geskiedenis en Aardrykskunde. Duits en Frans het vir haar baie beteken, alhoewel sy graag 'n swart taal sou wou aanleer.

Ook op sportgebied was Brümilda veelsydig. Sy't deelgeneem aan aan atletiek en swem, terwyl hokkie haar groot voorliefde was. Ons was ook nie verbaas om te hoor dat die lewendige Brümilda dirigent in haar matriekjaar was nie.

Tipies Affie was Brümilda lief vir peusel en lank voor pouse was haar lemoene reeds klaar. Hierdie voorliefde vir lemoene in die Duitse klas het baie middae se uitskryfwerk tot gevolg gehad.

Sy het aktief deelgeneem aan debatte en toneelstukke. Dis ook hier, sê Brümilda, wat haar belangstellingstelling in die toneelwêreld gebore is. Op skool reeds ontvang sy die Victrix Ludorum vir toneelspel.

Haar boodskap aan alle Affies is om hard te werk. Dis lekker om te presteer en gee jou satisfaksie. Onthou, jy werk vir jouself!

Ongelukkig was die tien minute vinniger verby as wat ons gehoop het, maar ons het baie geleer by die oud-Affie!

**— Brümilda van Rensburg**

# Oudste Oud-Affie van die Kwartaal: Mnr Nico Visser

**Mnr Nico Visser is gebore op 6 Augustus 1904 te Pretoria. Sover die skool kennis dra, is mnr Nico Visser die oudste, lewende Affie.**

Oom Nico was 'n leerling aan die Afrikaanse Hoër Seunskool (destyds net die Afrikaanse Hoërskool) vanaf 1920 tot 1924. Hy het in st 6 hier begin skoolgaan as een van die heel eerste leerlinge. Oom Nico vertel dat daar daardie jaar slegs 47 leerlinge in die skool was. In sy st 6-klas was daar sewe leerlinge waarvan ses seuns was en een meisie.

Tot op hede was al oom Nico se nasate op Affies. Eers het hy twee dogters wat op AHM was en huidiglik het hy 'n kleinseun, Nicholaas Mössmer, in AHS en 'n kleindogter in AHM. Sy ander kleindogter, Martina Mössmer, het twee jaar gelede matriek aan die AHM met ses onderskeidings geslaag. Sy is egter nie die enigste slimkop in die familie nie, oom Nico het self eerste in sy klas gestaan.

Van staaltjies om allerhande interessanthede vertel, is daar geen einde by oom Nico nie. Hy vertel byvoorbeeld van die keer in 1924 toe generaal Hertzog 'n politieke vergadering gehou het in Pretoria en oom Nico en 'n paar vriende toe uit die koshuis glip om dit by te woon. Een van die seuns, ene Hennie Uys, word toe gevang deur Pa le Roux, die hoof van destyds, en hy lap toe alles uit. Toe hulle by die koshuis terugkom, het Pa le Roux hulle almal goed gelooi.

Volgens oom Nico was hy en sy kamermaat, Andries Ferreira, "gemerk" deur mnr Le Roux en elke keer as iemand iets verkeerd gedoen het, is hulle eerste "ondervra". Oom Nico vertel van die keer toe al die matrieks weggeloop het na die Fonteine toe en toe hulle die aand weer by die koshuis kom, het hulle elkeen 'n skriftelike waarskuwing gekry dat, indien hulle nie die volgende dag klasse sou bywoon nie, hulle geskors sou word. (Magnolia...?)

Die Fonteine was egter nie al plek waarheen hulle weggeloop het nie. Oom Nico vertel van die sogenaamde "Bio-Cafe" in Kerkstraat wat films vertoon het. Hy vertel dat menige seun pouse soontoe gegaan het om sop, tee en toebroodjies te kon geniet om net weer deur die Duitse onderwyser terug skool toe gevat te word.

Sommige ouens wat vandag in die koshuis is, sal oom Nico seker nogal beny. Die rede hiervoor is dat in oom Nico se koshuisdae was die seuns (manne?) toegelaat om saans in die perdestal pyp te rook.

Staaltjies vertel, is egter nie ál wat oom Nico kan doen nie. In sy amper vyf-en-tagtig-jaar het hy vêr gevorder vanaf junior klerk in die Landbank tot Hoof-assistent-bestuurder; drie-en-veertig-jaar later toe hy in 1969 aftree.

Diegene wat redelik op hoogte van stoeigebeure is, sou dadelik oom Nico se naam herken het. Hy het in 1930 amateurstoei begin as stokperdjie en is nóú nog daarmee besig, al is dit net administratiewe werk. In 1979 het oom Nico die Staatspresident-toekenning ontvang van oud-president Viljoen vir sy bydrae tot amateursport. Hy is ook opgeneem in die Heldesaal van Sportmanne in Munitoria. Oom Nico het in 1958 bedank as die voorsitter van die SA Amateur Stoei Assosiasie, maar hy tree nogsteeds as die organisasie se beskermheer op.

En wat is hierdie ideale Affie se boodskap aan ons vandag?: "Die kêrels wat op Affies is, moet hulle hele lewe lank onthou dat om 'n Affie te wees, is 'n eer."

**— André Brand**



# Briewwi?

*Liewe Stroom-Op*

*Jong, die laaste tyd voel ek sommer baie ontevrede. My pa sê altyd daar is net een ding wat goed is wanneer dit 'n "te" vooraan kry en dit is tevrede. Maar selfs dit is negatief as daar 'n "on" voorkom. My juffrou noem "on" 'n premorfeem, maar ek noem dit sommer 'n gevoel. En dis nie 'n lekker gevoel nie. Laat ek nou by die punt van my brief kom. Dit gaan oor hierdie Affiekuiery van ons. Dit is baie lekker en alles, maar hoekom so kort? 'n Mens kom skaars daar, dan moet jy weer terug wees. Dit is altyd net so 'n woerts-wartse gekuiery. Wat almal blykbaar nie altyd besef nie, is ons hóú van kuier. Eintlik hou ons nogal baie van kuier. Nou is dit net hierdie "tyd-probleem" wat dit vir ons bietjie moeilik maak. Kan daar nie dalk iets aangedoen word nie? Ek wonder maar net!*

**'n-Affie-wat-van-kuier-hou**

*Liewe Ma*


*Ek is jammer dat ek nou eers skryf, maar ons was baie besig met on-groening. Dit is nie die ongroe-ning wat ma met die ou brood doen voorlat ma dit vir ou Lettie gee nie. Hierdie tipe on-groening is om jou aan die skool gewoond te maak. Dis issie baie lekker nie. Die onnerwysers is baie moeilik. Hulle het seker baie probleme met lyse hier, want almal se hare moet lyk soos oom Tom s'n toe die lysplaag hom getref het. Dit is ook maar beter om hulle so ver moontlik te "sidestep", want dan bly jy makliker uit die moeilikheid uit. Behalwe as jy hulle so erg "sidestep" dat iemand jou onder die paviljoen gewaar as jy Afrikaans het.*

*Die mense hier hou elke nou en dan 'n sokkie-hol. Ek weet nie eintlik waar hulle aan die sokkie of die hol kom nie, want eintlik is dit 'n dans. Die enigste hol wat plaasvind, is wanneer een van die standerd sesse per ongeluk 'n matriek se meisie vra om te dans. Dit is ookie 'n dans soos oom Gert se plaasdanse nie. Almal gaan staat in kringe en wag vir 'n paar mense wat 'n vreeslike lawaai opskop. Dan kry almal aanvalle soos Blommetjie wanner sy reën ruik. Hoe erger die lawaai, hoe erger die aanvalle. Hier teen tienuur is niemand meer in die saal nie. Dan skuif die "party" na 'n ander plek toe. Die matrieks sê ons mag eers weet as ons in standerd agt kom.*

*Sê vir sussie sy sal nie van 'n sokkie-hol hou nie, want almal trek mini's aan. Dit is klein stukkies lap wat soos rokke lyk wat deur die baalmasjien gegaan het. Sussie sal nie kan "handstands" doen as sy 'n mini moet dra nie.*

*Groetnis*

**Pietie**






# Die eerste dag op Hoërskool

**Sesuur... In haar bed lê sy, salig onbewus van wat die eerste dag van die eerste jaar in haar "nuwe" skool sal bring. Dit sal 'n dag wees wat sy in haar lewe nóóit sal vergeet nie...**

Die groot swart hekke lyk so anders as die skaars drie voet hoë heininkie by die laerskool. Daar staan 'n groot klomp kinders reg by die hek en sy neem aan dat hulle maar sessies moet wees, want elkeen het 'n ander uniform aan. Een vir een word die standerd sesse deur hul "meesters", (wat lyk as of hulle al lánk vir hierdie dag wag) vir die volgende twee en 'n halwe weke, uitgekies. Sy weet geen "bloedklont" gaan lig daarvan af kom in die hande van hierdie "ervare dokters" nie. Sy word uit die bondel standerd sesse gepluk en vertel dat haar naam nie meer goed genoeg is nie... sy word nou Knoffel!

Die eerste pouse breek aan en kop onderstebo begin sy haar "dokter" soek. "Knoffel! Kom hier!" Gedwee stap sy nader. "Vir wat vat jy so lank om hier uit te kom!" Dis die laaste keer da'k jou soek, verstaan jy!"

"Ja", kom dit van haar kant af nadat sy vir die eerste keer kom kans kry om te praat, (as haar matriek se asem langer was, sou sy seker nie). "Ja wie!? "Ja dokter". Nou kom daar net bevele van alle kante af. "Jou hare is verkeerd! Môre het jy tien poniesterte! Sorg dat jou identiteitskaart môre hier is! Trek op jou sokkies, wie dink jy is jy! Standerd ses... Dril! Standerd ses... jy's 'n stofsuier! Standerd ses, jy is 'n voël met 'n gebreekte vlerk, jy's 'n eier, jy's 'n eend, jy's... Rick Astley!"

Die eerste dag is uiteindelik verby. Wat sal haar troeteldier wees? Wie is haar held? Wat gaan môre met haar gebeur. Ag so lank sy net haar tandeborsel onthou...!

**Anne-Marié du Plessis, st 6/E**

# Die sesse

As 'n mens die standerd sesse van '88 met die van '89 vergelyk, is daar 'n kolosale verskil. Waar die standerd sesse van '88 erg ingelyf is, is dié van '89 net georiënteer. As gevolg van dié verskil, is die gesindheid van die standerd sesse teenoor die ander standerds ongehoord — hulle is baie grootkop en teëpraterig en beskou nie die matrieks as hul meerdere nie. Hul sien ook die onderwysers as hul gelyke en toon geen respek nie. Hulle het baie gees, maar dit is net om droog te maak. 'n Mens kan ook sien dat hul vir die eerstekeer "Sokkies" bywoon, aan die manier wat hulle dans, en sommige se kleredrag.

Daar is wel 'n paar puik presteerders op akademiese, sport en kulturele gebied soos bv. die 0/14-aflosspan wat in eerste plek op Interhoër behaal het en Dawid Botha wat die Redenaarskompetisie gewen het.

Aan die sesse wil ons net sê: tree op en presteer soos 'n ware Affie en bly nederig.

**— Johan O'Kelly**



*James Dean in Wording!* *(Foto: L. Beukes)*

# Verslag van die TAO se Projektekomitee

**Die Komitee het onder leiding van mnr Jae van der Walt die afgelope jaar 'n nuwe rugbyveld, krieketblad en skietbaan tot stand gebring. Nuwe grasaanplantings is om die skoolgebou gedoen wat meebring dat daar nie kaal stukke grond op die skoolterrein is nie.**

Rondom die tennisbane en die noodsaaklike looppaadjies is uitgeplavei.

Addisionele beligting is op die atletiekveld en ook op die telbord aangebring.

Verskeie kleiner projekte is aangepak om die terrein netjieser af te rond.

Daar word vanjaar beplan om die tennisbane met nuwe draad te omhein en 'n begin te maak met die bou van 'n sport- en rekenaarsentrum. Hierdie projek sal bestaan uit drie muurbalbane, 'n rekenaarsentrum, 'n sport- en gimnastieksaal, toilette en kleedkamers. Dit beloof om aan die dringende behoefte van die leerlinge te voorsien.

# Die Metamorfose, o die Metamorfose (en opdrastuk)

Die mense het gepraat
O, die mense het GEPRAAT:
Kyk daardie SKULFERDAK!
Hoe kom ons dit nog so laat?

Die tyd raak nou darem min
Ja, dis werklik tyd om te begin
Ons wag al TIEN, dalk TWINTIG jaar
Gaan ons dié salg sê: Ek sien haar min?

Die rooi dak op sy kop
O, die ROOI DAK op sy kop
As ons eers met verf beginne
sal niemand ons weer stop.

Dis die laaste hoofstuk en die vers
Ja, die laaste hoofstuk en die vers
Die dak lyk nou wat wonders
En ons? Ons is weer opstêrs!

**I. v. Schalkwyk**
**Met apologie aan NP van Wyk Louw se Klipwerk**

# Amper sewe dekades

**Vrydag 28 Januarie was 'n groot dag op Affies se jaarprogram. Dit was nie net die dag waarop die standerd sesse as ware Affies ingelyf is met die amusante groentjiekonsert nie, maar dit was ook ons geliefde, antieke skool se nege-en-sestigste verjaarsdag.**

Daar kan met reg gesê word dat die skool sy jare goed dra, en met die paar nuutgeverfde dakke en vervangde vloere, lyk die skool splinternuut en gereed vir nog sewe dekades.

Daar was wel 'n verskil tussen 1989 en ander jare se verjaardagvieringe: Die skool het nie weer die skoolgeskiedenis op Seuns Hoër se pawiljoene gehoor nie, die prefekte het nie weer die balk gedra nie, maar ons het darem piekniek gehou "saam met die seuns." Dit was 'n groot teleurstelling vir die matrieks maar, om hulle op te beur, het juffrou Venter die geskiedenis, op haar eie manier, met groot geur en kleur later aan ons vertel. Geluk met die verjaardag, Afrikaanse Hoërskool.

**— Caren Visagie**




# Jooloptrede '89


**Vroegoggend, Saterdag, 11 Februarie het 'n klein groepie Affies by die skool opgedaag. Hulle sending? Hulle moes weer die Jooloptrede meemaak. Die Affies is reeds vir baie jare goed bekend by Tukkies se jool.**

UIT ervaring het hulle alreeds geleer wat op hulle wag. Om tussen al die studentepret en skeerroomoorloë jou ding te doen, vat baie moed en deursettingsvermoë.

Groot was die verrassing toe mnr Wassenaar aankondig dat Affies héél voor loop en dit boonop saam met Tukkies se eie trompoppies. Almal was opgewonde oor dié eer wat hulle te beurt geval het en hulle het sommer meer uitgesien na die optog.

Twee ure later en voetseer op Kerkplein, het Affies weer eens 'n suksesvolle optog voltooi.

Danksy PJ Cilliers en mnr Wassenaar het hulle darem koers gehou tussen al die manewales deur.




# Van Bloubloed, bloedklonte... en dinge

**Soos die meeste van julle reeds weet, het AHMP 'n groot hartaanhaal gehad. 'n Hele paar bloedklonte het die sirkulasie van bloed vertraag. Die geagte dokters (natuurlik die matrieks!) het ingespring, behandeling gegee en die bloedklonte (probeer?) verander in Affie-bloed.**

Op 27 Januarie 1989 het hierdie klonte, 'n konsert aangebied. Baie nuwe talent is ontdek. Van Bles Bridges met sy (haar) no. 1 treffer, "I'm the eagle, you're the wind", 'n Goggatroue, Habakuk met 'n blik kondensmelk en Metusalem, tot 'n romantiese toneeltjie in Parys!

Dieselfde aand is die konsert 'n tweede maal aangebied, maar dié keer was die St.6-ouers die gaste. By kerslig, gesellige atmosfeer en melodie het die ouers gesien hoe hulle verwarde klontjies geleidelik deel geword het van Affies.

Na afloop van die oriëntering en die konsert, hoop ons elke st.6 nou deel voel van Affieland en ... DAT SY HAAR DEEL SAL BYDRA OM ONS SKOOL SE NAAM HOOG TE HOU.

**— Stephanie van Vuuren**

**Die Groentjiekonsert is 'n hoogtepunt in elke st6 se lewe. Dit is die einde van ontgroening en die begin van Affie-wees. Na 'n oriënteringstydperk wat onder leiding van die perfekte deur oop is, het die gróót aand aangebreek.**

Dae lank is daar geoefen aan die onderwerpe wat deur die hoof aan hulle gegee is (o.a. rugby, krieket, meisies en bome.) Hulle moes ook al die onderwerpe in een opvoering per klas inwerk — wat 'n bietjie chaotíes was.

Na die konsert moes een vir een op die verhoog verskyn waar in prefek sy baadjie vir hom aangetrek het en elk 'n handdruk van die hoof ontvang het. 'n Erekode en bywoningsregister is aan elkeen gegee, waarna hulle die skoollied en die "Affie-Boys" gesing het — tóé eers kan hul daarop roem om 'n Affie te wees.

**— Ulrich Kotzenberg 7A**

# Boodskap van die Hoofmeisie

*Liewe Affies*

*Soos julle my ken, is my boodskap aan julle taamlik kort: Baie dankie aan die enkele Affies wat hulle keppies so getrou gedurende die kwartaal gedra het. Ek hoop die res van die skool sluit by julle geledere aan. Dankie ook vir die bywoning van die atletiek, veral Interhoër, waar almal bankvas bly sit het tot die bitter einde. Julle het miskien nie die geesbeker gewen nie, soos Juffrou tereg opgemerk het julle het dit verdien: As julle hierdie gesindheid dwarsdeur die jaar behou, sal 1989 as 'n wonderlike jaar in die annale opgeteken word.*

**Julle hoofmeisie — Soma van Niekerk**


# *Hoe rooier hoe mooier!*

'n Groot en blye dag het in die lewe van elke Affie aangebreek. Daagliks veroorsaak oorstelpte oud-Affies verkeersopeenhopings wanneer hulle verbaas in Kirknessstraat verstaar agter hulle stuurwiele. Na lang jare en vele haelstroms, wat telkens nog skade annig, word Die Skool se dak gerenoveer. Sedert Januarie 1988 werskaf 'n span flukse bouers om die héle skool op te knap: die mure is geverf, die pragtige houtvloere vervang, die trappe geteël en selfs die swembad is naderhand gerepareer. En uiteindelik het hulle by die eintlike wortel van die kwaad gekom.

Alhoewel die res van die skool in verskeie skakerings van pienk, beige, wit, blou en selfs groen beverf is, het die rooi by die dak geseëvier. Dit mag wel bots met die pastelpienk van die mure, wat skynbaar by 'n meisieskool moet pas, maar tot almal se vreugde pryk die statige hoofgebou na dertig jaar weer met 'n skel, blinkrooi bedekking. Hoe rooier hoe mooier!

**— Marthali Brand**


Sō soek ek aandag@!*



## Kom Skinder Saam:

### Het jy gehoor:

* Cornelia se riddersgewaad bestaan deesdae uit 'n helmet.
* Met strikke en drukke is Carla op haar stukke.
* Susan en haar hond leef van Bob Martin(s).
* Izelle breek weer 'n rekord met haar nuwe "spikes".
* Sarel Seemonster beklee 'n ereplek in Esti se poppekas.
* Rachel het onlangs 'n ernstige "Nick-attack" gehad.
* Estelle vertrou op liefde en "Pierre-ety."
* Varenka thi lelike eendjie word 'n thtoute ganth.
* Vorster het sy hande vol met kleingeld.
* Anel se Wêreldspektrum (studiegids) val vanself oop by die geskiedenis van Lodewyk XIV van Affies.

# Weerburo!


**Afrikaanse klas:** Bewolk met effense reënbuie plek-plek veral in die omgewing van die "drieverdieping."
**Engelse klas:** Sterk Engelse rukwind vanaf die noorde indien "grammar" nie voltooi is nie.
**Wiskunde klas:** Donderweer en bliksemstrale ..!
**Wetenskap klas:** Plek-plek oorstromings wanneer toetspunte ontvang word.
**Duitse klas:** Mooiweer en donderslae. Miskolle kan voorkom.
**Biologie klas:** Mooiweer en sonskyn wat fotosintese bevorder.
**Kuns klas:** Impressionistiese winde wat afgewissel word met klassieke siklone.
**EN:** Sonskyn oor die hele skool want die vakansie is oppad.


**—Anna-Lynne Marais**
**9C**

**Juffrou Stofberg:** Johan, wat is 2+4
**Johan:** 5
**Juf- Stofberg:** Nee man, dis 6
**Johan:** Hù-hu, Juffrou sal my nie bol nie, 3 + 3 is 6

**Jeanne:** Kan ek dié rok in die venster aanpas?
**Dame:** Nee, ons het paskamers.

**Matriek-wees is om:**
**lui te wees, te slinger en nie te stap nie, vroeg te gaan slaap, nog minder huiswerk te doen as gewoonlik, gou verveeld te raak.**
**Baie te droom.**
**Jou tas op jou heup te dra.**
**Jou pen uit verveeldheid te kou.**
**Groot en volwasse te voel en ook te dink jy is.**



**Toe die predikant die Sondag die laaste kind doop, vra hy, "Is dit die laaste?"**
"Sal nie kan sê nie," antwoord die pa verleë

**Heksie:** "Samie, ken jy jou alfabet?"
Samie: "Ja, juffrou"
**Heksie:** "Nou watter letter kom na A?"
**Samie:** "Al die ander juffrou"

This is a story about four people called SOMEBODY, NOBODY, EVERYBODY and ANYBODY. One day NOBODY asked ANYBODY to do some work. EVERYBODY thought SOMEBODY would do it but NOBODY did. Then SOMEBODY got very angry and EVERYBODY got into trouble.

# *Juffrou sê... aan die Matrieks*

| | |
|---|---|
| Afrikaans: | Mev Van Schalkwyk: "Ek het eksplisiet gesê..." Mev Muller: "Ag outjies, julle weet mos..." |
| Engels: | Mev Winter: "What do I have to do? Do a tap-dance on your book with a rose between my teeth?" Mej Owen: "Nee!" |
| Biologie: | Mej Crous: "In matriek hoef jy net tot tien te kan tel!" |
| Aardrykskunde: | Mev Raath: "Ons gaan wyd werk!" "Nee ouens, ek sien nou word julle sag!" |
| Wiskunde: | Mev Burger: "Uit die aard van die saak..." |
| Rekeningkunde: | Mej. Du Plooy: "Dit is 'n debi..." Klas: "... teur" |
| Skeinat: | Mev. Du Toit: "Hulle vra dit nie eintlik aan die einde van die jaar nie." |
| Huishoudkunde: | Mej McClean: "Ons huishoudkunde mense is mos... "poering mechanics' " |
| Kuns: | Mev Louw: "Dier, jy doen nou nie ander huiswerk in my klas nie." |
| Frans: | Mev Kotze: "Ons sal reg wees aan die einde van die jaar!" |
| Geskiedenis: | Mej Vink: "Ek gaan jou uit my klas jaag, pop!" |

# Sokkie

Hierdie is seker die kwartaal wat onthou sal word as die "kwartaal van die sokkie"! Twee vir die gees en 'n derde vir die liefde. Drie sokkies het so na mekaar het die sosiale lewe van Affies het goed gedoen. Behalwe vir die kilogramme wat verloor is tydens die skop- en springmanewales, is hegte bande gesmee tussen die broer- en susterskool.

Die klimaks van die sokkies was seker op die aand van die 18 Februarie toe mej Valentyn tydens die vier-dae-na-Valentynsokkie gekroon is. Ons wens Liani en haar twee mooi prinsesse Maryke en Hannatjie baie geluk. Dan dink ons met gelukkige (of dalk gebroke?) harte terug aan die lááste sokkie. Sy (of liewer haar) heilswaarde sal maar aan ons punte by Interhoër gemeet moet word. (Of is dit 'n maatstaf nie?)

Die sokkies het ook 'n lig gewerp op 'n paar "in's en uit's".

| **In** | **Uit** |
|---|---|
| Sokkie | Lime Light |
| "Shorts" | Skibroeke |
| St 9's | Matrieks |
| Coke | Tropica |
| Buite | Binne |
| Vroulik-mollig | Maer |
| Nat | Droog |
| Drukkies | Soentjies |
| Phill Collins | Billy Idol |
| Twist | Two-Step |

**— Susan Kruger**

**13 Januarie 1989**
Hier het nou vir jou 'n ding gebeur! Eergister kom hier mos toe 'n groot klomp kinders aan, geklee in allerhande denkbare skooluniforms. En het hulle nie verward gelyk nie! Ek weet sommer hierdie nuwelinge sal nog baie moet leer. Nóg iets interessants is die term wat gebruik word as daar na die standerd sesse verwys word. 'Bloedklonte' (van wat ek kan aflei, is dit die prefekte se idee gewees)

**16 Januarie**
Siestog, maar die lewe kan darem soms so onregverdig wees. My hart word eintlik week vir Affies se groentjies. Vanoggend is ek besig om te peusel aan my bakkie Catmor, toe ek en my vriende toevallig gewaar dat 'n ieder en 'n elk van die Bloedklonte groot kartonne om hul nekke dra. Daarop word onder andere genoem wie hul helde is en almal het ook vir haarself 'n "troeteldiertjie" aangeskaf. Die vreeslike goed, soos knoffel, waslappe en tandeborsels, het te voorskyn gekom.

**30 Januarie**
Daar word nou 'n bietjie vordering gemaak. Die inligtingstukke wat hulle ontvang het, het aan die standerd sesse 'n klein toetsie besorg, maar daarvan het sommiges 'n gemors gemaak. Nog wonderlike nuus is dat almal eindelik Affie-blou dra, en matrieks nie meer aangespreek word as "dokters" nie. Al wat nou nog die Bloedklontjies daaraan herinner dat hulle steeds juniors is, is sulke nuwe groen knope wat vir die res van die jaar op elke standerd ses-dogter se rok gaan pryk. Eindelik is die ergste verby...

**— Gedeelte uit die dagboek van Pokkel, die skoolkat.**

# Atletiek-opwinding van 1989

**Soos al die ander jare, is daar met gróót opgewondenheid uitgesien na die nuwe talent. Die opkoms was verbasend goed veral by die nuwe standerd sesse en die matrieks wat hierdie jaar hulle allerlaaste beste kon gee.**

Op Vrydag 20 Januarie, was die atletiek in volle swang die Interhuis. Prestasies was oudergewoonte goed en soos dit 'n Affie betaam, is menige rekords in die slag laat bly; ons dink byvoorbeeld aan die hekkies, spiesgooi, gewigstoot en naellope. Na 'n lang, warm, uitputtende dag, het die Blou-span (Malherbes), die geesbeker.

'n Terugslag tref egter die atletiekspan toe die standerd agts veldskool toe is. Die byeenkoms teen CR Swart, Monument en Brits het goed afgeloop en ons dogters het vierde geëindig.

Vir elke atleet was Vrydag 3 Februarie egter 'n besondere aand toe daar na ligte oefening en swem na Juf Raath se huis vertrek is om spangees tegnieke en mae (krag) te werk: dit was gedoen deur "hamburgers", waatlemoen en heerlike koeldrank!! Juffrou Raath en Coetzee moes egter die stemme dik maak omdat energieke matrieks nie kon wag vir die volgende dag (veral na die Olimpiese spele se video) teen Oos-Moot nie. Die uitslae was somtyds goed en ons het net drie van die aflosse nie gewen nie.

Soos al die jare is daar nie net vanjaar op die fiksheid staatgemaak nie, maar ook op die veranderbare weer!! Die volgende byeenkoms teen Bergsig en Waterkloof was teleurstellend toe die byeenkoms weens harde buie teen etenstyd gekanselleer is.

Affies se laaste byeenkoms toe Wonderboom, Menlo Park en Oos-Moot het ook op Saterdag 18 Februarie uitgereën.




*Tog ten spyte van al die reën was dit 'n opwindende atletiek termyn waar Affies hulle ware kleure gewys het.*

**"Verwey bestuur nes weerlig"**
**"Ry hy dan so vinnig?"**
**"Nee, hy tref altyd bome"**

**Mnr Kruger, trots aan inspekteur?**
"Wat het u eerste getref toe u by ons inkom?"
**Inspekteur:** " 'n Tennisbal teen die kop"

## Motors '89




**Die Geel "Popcorn"-masjien: Eienares:** Liewe Heksie

**Werkverrigting:** 0-100 km/h — 15 minute, Topsnelheid — 21,7 km/h

**Enjinkapasiteit:** 50cc

**Opsionele toerusting:** Stuurwiel, ratheftboom, petroltenk.

**Addisionele krag:** "O, Griet!"



**Die Rooi Baron: Eienaar:** Bos

**Werkverrigting:** Geen

**Enjinkapasiteit:** Geen

**Opsionele toerusting:** Handvatsels, sitplek, 2 pedale.





**Die Wit Ferrari: Eienaar: Dr Plastic**

**Werkverrigting:** 0-100 myl/h — 12½ minute, Topsnelheid — 60 myl/h (as enjin werk)

**Enjinkapasiteit:** 120cc

**Opsionele toerusting:** Meer beenspasie, 'n heel koplig, skroewe vir "exhaust".





## St 6-mening oor skool

**Dis 'n skool met baie meer gees en tradisie as ander skole — dit bied meer geleenthede in veral sport omdat daar so 'n wye verskeiden heid is. Die kompetisie is ook straf en ons moet ons beste lewer om spanne te haal. Die matrieks het baie gees. Ons glo ook dat die matrieks 'n bietjie harder kon optree teenoor ons — maar ons waardeer die prefekte wat ons só goed behandel het. Die ander standerds was almal vriendelik maar die standerd sewes kon 'n bietjie minder "voor op die wa" gewees het. Die onderwysers is oor die algemeen vriendelik en behulpsaam maar mev Van Vuuren kan 'n bietjie genadiger wees teenoor ons.**

**— Basjan Rothmann**

## Hoekom was Interhoër so lekker?

**1.** Meisieshoër se funksionele hoede.
**2.** Seunshoër se resiesperde.
**3.** Die afstand tussen Menlopark en die aksie!
**4.** Die hindernisbaan tussen die snoepie en die sitplekke.
**5.** Die "droë" sitplekke
**6.** Die puntestand om 15h00 (Meisieshoër seëvier)
**7.** Seunshoër se dirigente!
**8.** Meisieshoër se dirigente toe dit gereën het!
**9.** Die weer.
**10.** Seunshoër se skoollied.

**.... 'n tien-uit-tien-kombinasie!**

**— Benda Hofmeyr St9**

## Grey toe!

Die naweek van 3 — 5 Maart was 'n fees. Vra maar vir enigeen wat Grey toe was. Van Vrydagmiddag om sesuur, tot Sondagmiddag om halfeen, was dit een groot fees.

Affies se tennis-, gholf-, muurbal-, skaak-, skiet-, swem-, en waterpolospanne het hierdie toer meegemaak. Nagenoeg 104 seuns. Daar was ses personeellede, waarvan vier treingery het, saam.

Van die eerste minuut op die trein, het Affies hulself laat geld. Daar is grappe vertel en kort-kort het iemand omtrent by die venster uitgeval soos hy gelag het. Ons het geëet en gedrink (koeldrank natuurlik) en ons gate uit geniet. Tommy en Eugene het ook vir groot vermaak gesorg toe hulle gholfballetjies op verskeie stasies weggeslaan het. Op 'n stadium het selfs mnr Benade plat in die gang gelê soos hy koes vir vlieënde balle.

Die onderwysers op die trein, het hulle na regte, uitstekend gedra. Die seuns kon nooit "kerm" oor een enkele onderwyser nie.

By Grey aangekom, is ons in groepies verdeel en na gasouers uitgeplaas. Sommiges het dit gelukkig getref en sommer 'n Sjampanje-ontbyt gekry. Na lekker oggendetes, is almal na hul verskeie sportpunte geneem. Die gholfers moes egter sonder ontbyt klaarkom, aangesien hulle direk na die gholfbaan vertrek het.

Oral het die Affies gewys wat in hulle steek. Teen laatmiddag het almal huiswaarts gekeer waarna sommiges gaan fliek het en ander weer net die aand rustig gekuier het.

Skuins na vieruur Sondagoggend het die trein terugvertrek. Almal het eers goed geslaap en teen dagbreek was dit weer tyd vir "sport".




# 'n Dag in die St 10 Duitse klas

**Klok lui. Almal kom in. Staan rond en gesels oor snoefies. Tiaan begin "swot". Heese vertel gou grappe. Eugene en Rikus moker mekaar en Sarel konsentreer op sy Chappiekouery.**


Juffrou Botha kom in.
Juf: Matrieks! Hoekom moet ek elke keer met julle praat? Agnee, man! Eugene en Lodewyk gesels rugby.
Juf: Jan-Lodewyk! Nou't jy klaar gesels. Wil jy stap?
Lode: Maar juffrou, luister eers?
Juf: Jy stap nou-nou na Van Rooyen toe!
Zoll: Juffrou se blomme groei mooi! Wat is daai verlepte rooies in die sirkel se naam?
(Net gesê om juffrou se aandag af te trek)
Juf: Zoll, bly stil.
Jacobi: Juffrou? Mag ek ...
Juff: Jakobus Dreyer. Wag tot jy 60% kry voor jy met my praat.
Intussen is vyf minute al verby. Eindelik begin ons werk.
Peter: Juffrou? Het Einstein, of Möbus, vir Fräulein Doktor vermoor? Juffrou antwoord hom. Sy maak 'n fout.
Juff: Ag Eleanore! Hoekom... (bedink haarself) Die juffrou sien Sarel kou, en gooi sy chappie in haar Encore koffieblik. Ons lees nog 'n entjie en toe lui die klok.
Juff: Matrieks! Loop uit! Gaan gesels buite.

# Matrieksêgoed

Anneri: "Corné het gebel... Hy's só 'stunning!...''
Marelize L: "Zzzz..."
Yolande: "Moet net nie stres vang nie..."
Anneke: "Hy's by die diskus... ek móét gaan oefen..."
Riana: "Hy't nog 'n spier bygekry..."
Stephanie: "Ek weet nie hoe ek deur dié dag gaan kom nie..."
Liezl: "Duits?! Moes ons geleer het?"
Amelde: "Tog net nie almal gelyk nie..."
Joline: "Die Activan het alweer nie gehelp nie..."
Zelda: "Morné het alwéér gister drié keer gebel..."
Nellie: "Ek gaan Sunnypark toe. Wie wil wat hê!"
Jonette: "Ag julle, bly sti-i-il..."
Ronel: "Ek voel net dat..."
Lusanne: "Ek het nog nét twee Rek-oefeninge afgeskryf hierdie jaar..."
Vanessa: "Ek sal môre-oggend my boek bring..."

**Bekende gesegdes**

Mnr Myburgh — "Luister nou vir oom Louw"
Jan-Lodewyk — "Kom nou boys"
Mev Le Roux — "Jou vrot zot"
Mnr Kruger (Hoof) — Rugby is nie 'n sitkamerspel nie"
Mej Mynie van Rensburg — "Julle is ongeskik"
Mnr Du Plessis — "Néé, dis nie 'n rede nie"
Mej Ronel van Rensburg — "Hello, jong"
Mev Stofberg — "Dis goeie maniere om stil te bly"
Mnr Deysel — "Hello chucky"
Mej Botha — St 9's... Matrieks"
Mnr Swart — "Get out of my class"


*Foto: L. Beukes*

# Grappies

**Mnr Wassenaar aan leerlinge:**
"Dit is 'n baie gevaarlike proefneming. As die mengsel ontplof, sal dit deur die dak skiet. Kom staan nader sodat julle my beter kan volg."

**Wat sal jy doen as iemand se neus begin bloei?**
— Bind 'n toerniket om sy nek

## Lag 'n bietjie daar!

**Hulle sê niemand is nog dood van te veel swot nie, maar ek is nie bereid om kanse te vat nie.**

**'n Sardientjie is 'n walvis wat belasting betaal het!**

**Wat kry jy as jy 'n krimpvarkie en 'n kameelperd kruis? — 'n 3 meter tandeborsel.**

**Wat kry jy as 'n swart kat 'n sebra-oorgang oorsteek? — Nou sien jy my, nou sien jy my nie...**

**Eerste slang: "Is ons giftig?"**
**Tweede slang: "Hoekom?"**
**Eerste slang: "Ek het nou net my lip raakgebyt!"**


**Hoe kan jy agterkom watter kant van 'n wurm is sy kop? — Kielie hom in die middel en kyk watter kant glimlag.**

**Hoekom staan 'n ooievaar net op een been? — As hy sy been optel, sal hy val.**

**"Hoekom strooi jy die poeier rond?" "Dit is om die olifante weg te hou." "Hier is nie olifante hier rond nie, is hier?" "Goeie goed, nie waar nie?"**

**Stel jou voor**

1. Van Zyl sonder sy "rasta"-klere
2. Daniëls met steil hare.
3. Meer meisies by "sing-songs"
4. Elmo met deurmekaar hare
5. Tesner doen sy huiswerk
6. Van Reenen wat nie haaringspeksie "pass" nie
7. Gina en Johnny wat nie "touch" by die sokkie speel nie
8. Fairbanks sonder Izel
9. Garnet sonder sy ma se BMW
10. Arrie sonder Hitler
11. Lulu sonder die AWB
12. Affies wen die sangbeker
13. Meisies wen atletiek
14. Dooms wat dans
15. 'n Slim st.6
16. Fairbanks sonder 'n vergatting (voor 7000)
18. Jan Lodewyk sonder "thumbs-up"
19. Janice sonder "Dungeons + Dragons"
20. Jonker sonder sy bles
21. Roger (Pora) sonder 'n groentewinkel
22. Etiene Botha met Cornelia van Zyl
23. Hannes sonder sy Angoraboerdery.
24. Jac sonder sy halfjakkals.
25 Panny met styl hare
26 Christien sonder spoed
27 Hanno met 'n kuif
28 Riana sonder Stefanie
29 Ben met swart hare
30 Pieter (vd W) met 'n permanente golwing (perm)
31 Christiaan sonder sy balkies
32 Mariska met lang hare
33 Hermi en Sonja in wit
34 F H Odendaal sonder F H O
35 Richardt sonder sy "image"
36 Mareli met wit bene
37 Snitzi sonder 'n gesteelde roos
38 Cecil sonder "eye-liner"
39 Lepel sonder Vurk



**Wat is die definisie van 'n tuinslang?**
'n Lang slap gat met rubber om

**Wat kry jy as jy 'n kangaroo met 'n olifant kruis?**
—Gate dwarsdeur Australië

**Die probleem met sosiale grappe is:**
hulle word prefekte

| Ou liefde | Nuwe liefde |
|---|---|
| PJ — Helène | PJ Marelize, Merinda |
| Eugene — Jeanine | Ian — Izelle |
| Johny — Karen | Ribbens — Carla |
| Jan-Lodewyk — Anel | Gerhard — Luisé |
| Morné — Zelda | Garnet — Junette |
| Johan — Irine | Jacobus — Marnel |
| Jac — Didi | Helmut — Cornelia |
| Donald — Helène | Johnny — ...? |

# Top 10

| | |
|---|---|
| Mnr. Nel | — Phantom of the Opera |
| Mnr C Kruger | — "Dirty dancing" |
| Mnr Van Tonder | — I want to ride my bicycle |
| Mnr Van Rooyen | — Bad |
| Mnr Oosthuizen | — "Briek"-dans (Stop-stop ek's 'n spietkop) |
| Mnr Swan | — Woodpecker from space |
| Mej M van Rensburg | — Lets Tango |
| Mnr Myburgh | — We don't need no education |
| Mnr Deysel | — African Shadowman |
| Mnr Edwards | — I once was a student at Affies |



# Swem Affies, swem man, swem!

**Op Woensdag, 25 Januarie, het die Affies weer hulle jaarlikse Interhuis-swemgala gehou. Ondanks die reën en koue windjie het die brawe toeskouers die deelnemers aangemoedig.**

Tania Jerling, het sommer met die heel eerste item 'n rekord laat spat. Twee ander uitblinkers was Mariëtte Kempen en Christel van Niekerk. Mariëtte het 'n nuwe rekord in die 50 m vlinderslag in die ope-afdeling opgestel en Christel het onderskeidelik rekords in die 50 m vlinderslag o/14 en borsslag o/14 opgestel. Beide die twee swemsters het ook aan die Noord-Traansvaalse kampioenskappe deelgeneem waar Christel vier derdeplekke en twee tweedeplekke behaal het en Mariëtte: drie derdeplekke en twee tweedeplekke. Voorwaar ons sien uit na die Interhoër!


Huis le Roux het dié gala gewen. Aflosgalas was hierna aan die orde van die dag. Tania, ons swemkapteine, was ook bedagsaam genoeg om intussen Noord-Transvaalse kleure in lewensredding te verwerf. Beamptes hoef dus nie te kan swem nie, daar sal 'n wakende oog oor u gehou word.

Die Interhoër lê nog voor en as ons 'n voorspelling mag waag:

Dié dag mag Affies wys wié het GEES!

— **Frances**





*Mariëtte Kempen en Christel van Niekerk besig om te oefen vir die Noord-Transvaalse Hoërskole uitdunne.*




# Interhuis Swem

**Met die Interhuisbyeenkoms is reeds gesien dat groot dinge aan die kom is. Nie minder nie as 31 skoolrekords is by hierdie byeenkoms verbeter. Skitterende tye is deur die aflosse opgestel. Gemeet aan verlede jaar se standaarde was verskeie van die huise se aflosspanne goed genoeg om interhoër te wen.**


Dit was egter nie net in die swembad dat die interhuisgala vir goeie resultate gesorg het nie. 'n Rekordaantal ondersteuners was by die gala teenwoordig en dit het as 'n uitstekende geleentheid gedien vir die lede van die twee skole om mekaar beter te leer ken.

In 'n baie sterk Engelse liga het Affies die afgelope seisoen ook geweldig goed vertoon. Die eerste ligagala wat by Boys High gehou is, vroeg in Februarie, het vir sommige Engelse skole die verassing van die jaar ingehou. Die seuns van AHS eindig tweede, slegs 'n paar punte agter Boys High, sodoende reken Affies af met van die sterkste swemskole in Transvaal. Aan die einde van die reeks ligagalas lê Affies steeds tweede in punte met St. Albans en The Glen kort op hulle hakke. 'n Besondere prestasie val hulle te beurt deurdat hulle die enigste Afrikaanse skool is om na die Engelse A-bond interhoër uitgenooi te word.

Ook op provinsiale vlak het Affies vir baie opwinding gesorg. Die kaptein van die swemspan, Henry Miles, word gekies om Noord-Transvaal by die Nasionale Senior Kampioenskappe in Durban te verteenwoordig. Verder word nog Noord-Transvaalse skoleswemmers opgelewer: J Bekker, E van der Linde en L van Heerden.




# Muurbal vier hoogty



*Pierre Kriek, James Cross, Wilhelm Nel, Anton van Reenen.*

**Foto: Louis Beukes**

Die muurbal het vanjaar met 'n rekordgetal nuwelinge afgeskop. Baie nuwe talent is veral onder die onder 14's gevind, wat slegs 'n jaar vol hoogtepunte kan oplewer.

— **A van Reenen**

**Saambou sê "JA!" vir tieners en jongmense**




**Finansiële onafhanklikheid**
Met Saambou se Tempo 10-kaart vir skoliere en Tempo 21-kaart vir jongmense kan jy jou eie ding doen – waar en wanneer jy wil. Dis jou geld.

**Hoëtegnologie-ondersteuning**
Of jy treffers versamel, of vriende trakteer . . . jy geniet die steun van moderne elektroniese fasiliteite. Sonder om 'n sent daarvoor op te dok.

**Gratis dienste**
Dis reg. Diensfooie is uit. Minimum saldo's ook. Daar's ook geen perk op die aantal transaksies nie. Tjeks is gratis. En jy kan selfs 'n beurs losslaan.


**Hoë rentekoerse**
Dis nie al nie. As jy spaar, help Saambou se buitengewoon hoë rentekoerse dat jou neseier gou-gou uit sy dop bars.

**Voorloper-voordele**
Praat van voordele! Dis musiek in jou ore.

**Saambou**
Ons sê "JA!"

# Sportman van die Kwartaal

**Henry Miles, het reeds van kinderbeen soos 'n vis begin swem in die water. Vandaar Mal-vis.**



Henry het begin swem toe hy 10 jaar oud was. Reeds op Grey College Laerskool in Bloemfontein het hy gewys watter swemkrag in sy, toe nog kleiner lyf, gelê het. (Was hy maar daar met die vloede? Dink net hoeveel pret? Vry soos 'n vis in die water!) In st 4 verwerf hy Vrystaatkleure en in st 5 word hy aangewys as die beste swemmer van sy ouderdomsgroep in die Vrystaat. Almal weet reeds dat Vrystaat se swemmers altyd van besondere hoë gehalte is en dus was die kompetisie vir Henry baie sterk, maar ook baie goed.

Middel st 5, verhuis Henry-hulle na Transvaal. Hier behaal hy eers Vaaldriehoek kleure in swem. Van st 6 af, blink die vis ook in N Tvl uit. Elke jaar nog haal hy die N Tvl-Hoërskolespan sowel as die provinsiale span. 'n Uitmuntende prestasie. In st 8 verteenwoordig hy N Tvl vir die eerste keer op die SA's. Intussen slyp hy homself vir 1989. In sy matriekjaar, word Henry gekies as kaptein van N Tvl se Hoëskolespan. Ook val 'n groter eer hom te beurt. Hy word gekies om N Tvl se senior swemspan te verteenwoordig. Daar ding hy mee teen groot mans en studente.


Behalwe vir Henry se swem, is hy ook 'n veelsydige Affie. Hy is onder voorsitter van die Fotografieklub en is een van die Stroom-op fotograwe en redaksielede. Daarby het jy al as Expo-deelnemer in 'n groep uitgeblink, en hy sing in Affies se koor.

Henry se groot prestasies het hy te danke aan goeie afrigting deur name soos Cobie Louw, Lanta van Jaarsveld en Owen Kuyper. Ook is sy grootste motivering sy ouers en sy vertroue en geloof in sy Skepper. Daarby het Henry 'n besondere sterk deursettingsvermoë, vasberadenheid en selfdissipline.

Stroom-op wil vir Henry hartlik gelukwens en dankie sê dat hy so 'n goeie ambassadeur vir Affies is. Ook word sterkte en voorspoed hom toegewens in sy verdere studies waar hy hom wil bekwaam in óf Marine Biologie óf Mikrogeologie.

**— Louis Herman**

# Atletiek 'n reuse sukses!




*J. van As*
*(Foto: G. van Rensburg)*

**Affies het reeds in 1988 begin oefen vir die "89"-atletiekseisoen, die resultate daarvan was vanjaar duidelik te sien.**

Interhuis is met groot geesdrif aangepak, waar almal hul beste gegee het, en gesorg het vir 'n uitmuntende byeenkoms.

Op 28 Januarie, die skool se verjaarsdag, neem AHS aan die eerste, en die enigste volledige kompetisie voor Interhoër deel. Dit is hier waar Affies wys, dat daar met hulle rekening gehou moet word. Na 'n strawwe byeenkoms eindig ons met twee punte voor Brits, danksy die o/19 aflos.

Die tuisbyeenkoms teen Waterkloof en Bergsig reën na die etensuur uit. Die puntestand was as volg: WTK 214, AHS 193, Bergsig 119.

Die daaropvolgende byeenkoms by Staatspresident C R Swart word ook weens reën afgelas.

Eindelik breek 24 Februarie aan, Interhoër. Duisende Affies wag gespanne vir die uitslag. Na 'n lang dag, met sterk kompetisie, tree Affies met 'n tweede plek uit die stryd. Voorwaar 'n prestasie.

Die volgende atlete presteer besonder goed.

Seuns 0/19:
H Habeck in verspring met 'n afstand van 6,84 m.
Deon Mybrugh 'n driesprong, wenafstand van 13,15 m.
4x100 m aflos, met 'n wentyd van 43,6 sekondes.

Seuns o/17:
Christo Potgieter in die 400 m met 'n wentyd van 51,0 sekondes
R Kemp, hoogspring met 'n hoogte van 1,85 m
J van As wen die paalspring met 'n hoogte van 4,0 m.

Seuns 0/16
Mias du Plessis, 100 m hekkies, wentyd van 13,6 sekondes. Hy wen ook die skryfwerp met 'n afstand van 46,74 meter.

Seuns 0/15
Barry Mattheus, 'n afstand van 15,01 m in gewigstoot en 'n wentyd van 12,2 sekondes in die 100 m.
N van Wyk, 'n tyd van 25 sekondes in die 200 m.

Seuns o/14
Graham Esterhuizen, 12,1 sekondes in die 100 m en 25,4 sekondes in die 200 m wedloop.
J van der Walt, 'n afstand van 5,60 m in verspring.
J Bekker wen die spiesgooi met 43,54 m.
Die o/14 aflos wens ook in 'n tyd van 48,0 sekondes.


Die finale puntestand vir seuns was as volg: WRK 259, AHS 197, WDB 148, CRS 145, MP 140, FHO 88.


Aan elke Affie 'n woord van hartlike geluk met 'n puik atletiekjaar. Tradisie het weer eens geseëvier.





*Mias du Plessis (Foto: G. van Rensburg)*

## HOOGTEPUNTE





*Jan-Lodewyk Pretorius*
*(Foto: G. van Rensburg)*



*Ben Moodie*
*(Foto: Pulé Beukes)*

# SPORTVROU VAN DIE KWARTAAL

## — Christine van Wyk

Met so vinnig as wat sy kan hardloop, net so "stadig" is sy om oor haar uitsonderlike prestasies te gesels. Almal ken vir Christine van Wyk as die blitsige swartkop-Affie, maar verder...?? Ek het met haar gaan gesels om sodoende meer omtrent haar uit te vind — Anneri Bezuidenhout.

**● Vertel my iets van jou kinderjare**

Ek is op 2 Augustus 1971 in Windhoek gebore. Ons verhuis na Pretoria toe ek omtrent een jaar oud is. Vanaf graad een tot standerd vyf was ek in Laerskool Oost-Eind. Vanaf standerd ses is ek in Affies. Ek het een broer en twee susters wat almal ouer is as ek en ons woon tans in Muckleneuk.

**● Waar het jou atletiekloopbaan begin?**

Wel, in die Laerskool het ek hekkies, langafstand en aflos gehardloop — niks opwindens nie. Die eintlike ding het in st 6 gebeur. Een aand het ons gaan "Kentucky" koop. Ek het by die robot uit ons motor gespring en na "Kentucky Fried Chicken" gehardloop. Die volgende dag by die skool vra Mev Raath vir my of ek "gisteraand gaan Kentucky koop het" Ek sê toe ja en sy sê aan my dat ek "van vandag af saam met ons moet oefen"

**● Jy is ook 'n kranige netbalspeelster. As jy moet kies tussen atletiek en netbal, wat sal jy kies? Hoekom?**

Ek sal nogal netbal kies, (sy frons diep) want ek hou meer van bewegings as van 'n reguit lyn.

**● Wat was sover die hoogtepunt in jou lewe?**


Toe ek die eerste keer gekies is vir die Noord-Transvaalse span!

**● En die laagtepunt?**

Hierdie jaar se eerste drie toetse! (Sy lag heerlik)

**● As jy die Affies moet toespreek, wat sal jou boodskap aan hulle wees?**

Hulle moet alle geleenthede ten volle gebruik, en... aanvaar raad van mense wat beter weet as jy!




**● Watter persoon het sover die grootste invloed op jou lewe uitgeoefen? Hoekom?**

My broer en mev Raath. My broer motiveer my altyd en hy verstaan my die beste, dink ek. Ek sien hom as 'n navolgingswaardige persoon. Mev Raath het my lewenspatroon verander en oefen die grootste invloed uit op my atletiek.

**● As jy een wens het, wat sal dit wees?**

Hmmm... Sjoe, dis moeilik! Ja, dat ek genoeg geld het om oorsee te gaan.

**● Elke mens het 'n droom. Wat is joune?**

(Christine dink diep vir omtrent twee minute) E...e...e... ek wil eendag gelukkig getroud wees, oorsee gaan en ek wil die hoogste sport bereik.

**● Wat geniet jy die meeste van skoolgaan?**

Al die partytjies! (Sy antwoord sonder aarseling)

**● Kom atletiek al 'n lang pad saam met julle gesin?**

My ma het naellope gehardloop en my pa, langafstande. My sussie het net in die laerskool gehardloop. Ek is seker maar so 'n mengsel van alles.

Tipografies voorberei deur Wentzel Coetzer Drukkers, Tel 3232787 en gedruk deur The Pretoria News (Pty) Ltd, Vermeulenstraat 216, Pretoria. Tel 3255382.